

Oefening 2024-12 AH-00012(2) Toepassings

- (1) Twee susters besluit om hul erfgeld vir ses jaar te belê. Suster A belê haar helfte van die erfgeld teen 13,5% per jaar, enkelvoudige rente. Aan die einde van die ses jaar sal suster A 'n bonus op haar belegging ontvang wat gelyk is aan 5% van die rente wat sy oor die ses jaar verdien het. Suster B belê haar helfte by 'n ander bank. Sy verdien net 6,2% per jaar aan rente, maar die rente word halfjaarliks saamgestel.
Die totale bedrag erfgeld is R840 000.
Watter van die twee susters sal aan die einde van die ses jaar die beste opbreds op hul belegging toon?
- (2) Solly erf 1,1 miljoen rand. Hy besluit om die volle bedrag te belê in 'n fonds wat 8,4% per jaar rente verdien – rente word kwartaalliks saamgestel. Hy onttrek R35 000 uit die fonds aan die einde van elke kwartaal. Sy eerste onttrekking is reeds aan die einde van die verloop van die eerste kwartaal.
Hoeveel onttrekkings van R35 000 sal Solly uit hierdie fonds kan maak?
- (3) Andries het drie jaar gelede 'n motorfiets gekoop teen R125 600. Die huidige boekwaarde van die motorfiets is R83 000. Indien die motorfiets se waarde teen 'n vaste jaarlikse koers volgens die verminderendesaldo-metode depresieer, bereken die depresiasiekoers.
- (4) Louis neem 'n huislening uit vir R1 700 000. Die lenings termyn is 20 jaar.
- (a) Bereken sy maandelikse paalement indien rente maandeliks bygevoeg word. Die vaste rentekoers soos ooreengekom is 10% per jaar.
 - (b) Louis besluit om maandeliks 'n ekstra R1 300 op die huislening af te betaal. Binne hoeveel jaar (afgerond tot een desimaal) sal hy die lening kan afbetaal?
 - (c) Hoeveel geld, afgerond tot die naaste rand, sal hy in rente spaar indien hy die lening dus vroeër afbetaal?
- (5) Mnr. Dreyer het 'n nuwe planter aangekoop vir R660 000. Die waarde van die planter het jaarliks verminder met 6,7% volgens die reglynige waardeverminderings-metode bereken. Bereken die waarde van die planter na presies 5 jaar.